DEEL 114 | WEEK 3 | 21 JANUARIE 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# LA NIÑA NOG NIE KLAAR NIE

Weerprofete voorspel meer son en minder reën vir die volgende twee weke, maar sal binnelandse inwoners vir minstens nog 'n maand hulle waterskoene byderhand moet hou. Daar word verwag dat die huidige La-Niña stelsel eers middel Februarie gaan begin afplat. Weens tropiese lug vanuit Namibië was die hemelse sluise weer hierdie week wawyd oop. Ongeveer 7km buite Heilbron op die plaas Sonneskyn van Danie Hattingh, is daar alreeds 327mm reën vir Januarie maand gemeet. Dit is ook die meeste reën wat op die plaas gemeet is in só 'n kort tydperk. In kontras was daar 196mm reën in Heilbron-dorp gemeet.

Baie van die Ngwathe Munisipaliteit se brûe en paaie was gesluit as gevolg van vloedwater. Die pad wat die dorp met die Township verbind word gereeld toegemaak. Die R720 tussen Heilbron en Koppies het ook tydelik gesluit omdat die pad oorstroom het. Die pad wat Heilbron met Edenville verbind was ook vroeër die week gesluit. Die uitvoerende burgemeester van die Ngwathe Munisipaliteit, Rdl Victoria de Beer, het gevra dat inwoners uiters geduldig moet wees terwyl die tegniese span so gou as moontlik reageer op stukkende paaie, brûe, watersuiwering aanlegte, stormwater-kanale en elektriese infrastruktuur.

Nog vloedstatus hoogtepunte sluit in dat die Vaaldam op 108.5% staan en steeds styg. Bloemhofdam staan op 109%, Gariepdam 109% en Vanderkloofdam 106%.

Waarskuwings word gerig aan stroomaf gemeenskappe wat blootgestel is aan, of waarskynlik geraak sal word deur riviervloeiveranderinge. Kennisgewing van damwater vrystellings vir vloedbeheer en die waarskynlike impakte (vlakke wat waarskynlik bereik sal word), word betyds deur dam-operateurs uitgereik wanneer sulke vrystellings geskeduleer is.

André Pretorius het hierdie foto van die Kliprivier geneem met sy *drone* tussen Heilbron en Frankfort. Sy ma, Quarta Pretorius, is van mening dat in haar leeftyd dit die hoogste is wat die Kliprivier al ooit oor sy walle gestoot het.













# PETRUS STEYN 110 JAAR OUD

Die klein dorpie Petrus Steyn/ Mamafubedu sal hierdie jaar sy 110de bestaansjaar vier. 'n Interessante feit is dat die inwoners eers die dorp "Concordia" wou noem, so skryf die woordvoerder van die Elandskop Museum in Petrus Steyn op hulle Faceboek-blad, waar hy ook hierdie gebeurtenis vroeër in Januarie aangekondig het. Hy vertel verder dat die word Concordia 'n Latynse oorsprong het. "Concordia is die Romeinse godin van harmonie en vrede." Die Elandskop Museum sal die geskiedenis van die dorp in samewerking met die Rhino Heritage Park vier.


Vir meer inligting kontak gerus vir Twin Mosia by 083 986 1855.




## South Africa

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | G | T | H | C | E | N | A | R | C | E | U | L | B | W | O | R |
| P | A | J | E | L | E | L | E | K | I | S | I | S | O | K | N | E |
| Y | L | K | H | N | I | A | T | N | U | O | M | E | L | B | A | T |
| P | J | S | O | U | T | H | A | F | R | I | C | A | R | A | E | D |
| H | O | Z | V | G | O | Z | H | F | G | F | K | P | N | L | A | M |
| W | E | A | K | O | B | G | N | I | R | P | S | T | L | R | Y | U |
| K | N | N | P | E | Y | M | Z | E | A | I | H | I | X | Q | F | X |
| G | A | U | T | E | N | G | E | W | D | E | K | I | I | E | H | W |
| E | G | W | N | A | Q | S | S | O | M | Z | O | A | Q | J | F | Q |
| H | N | U | H | H | T | D | E | G | E | X | U | X | A | O | F | K |
| I | A | L | E | A | A | F | C | Z | G | J | H | N | H | N | J | V |
| K | L | W | T | D | U | X | N | X | U | O | D | R | H | T | S | P |
| R | A | E | B | J | Q | W | I | K | S | L | E | U | S | Q | F | D |
| Q | M | D | O | L | N | Y | V | A | R | G | U | V | J | S | Y | N |
| J | U | Q | I | P | V | W | O | N | Y | D | X | F | Y | H | Q | A |
| J | P | F | C | P | F | X | R | T | K | A | B | I | D | A | M | R |
| T | M | A | E | T | O | R | P | G | N | I | K | A | H | B | B | L |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | anthem | Blue Crane | Free State |
| Galjoen | Gauteng | King Protea | Madiba |
| Mpumalanga | Nkosi Sikelele | provinces | Rand |
| South Africa | Springbok | Table Mountain | Tygerhof |
| Xhosa | Zulu | | |




# MURDER ACCUSED SENTENCED

The man accused of killing his wife at the graveyard in Mamafubedu near Petrus Steyn, Thabiso Motloung (40), has been sentenced to an effective 12 years direct imprisonment in the Bethlehem Magistrates' Court on 18 January 2022.

On 01 December 2021, at about 16:15, the police at Petrus Steyn was summoned to Mamafubedu graveyard by community members who saw the body of a female person lying amongst the graves. On their arrival, they found the body with bruises and stab wounds. She was certified dead and identified by her mother as Puseletso Motaung (28) of Mamafubedu. A case of murder was opened, and a suspect was arrested seven days after the incident. He appeared several times in court until he was found guilty and sentenced to twelve years imprisonment.

"No Gender-Based Violence crimes will go unpunished, and we cannot live in a society where women are seen as subjects of abuse. I want to thank the investigating officer for ensuring that the accused finally gets his term in jail. As police, we will continue the fight against Gender-Based Violence internally and externally, also through our soft approach crime awareness campaigns led by the SAPS Women Network and Men for Change structures in the province", said the Free State Provincial Commissioner Lieutenant General BB Motswenyane.

POSTNET
HEILBRON

BESIGHEIDSURE
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

# SO STAAN COVID NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 19 Januarie 2022 en dui aan Ngwathe het 6 174 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1 434 staan en is daar 7 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 12 Januarie 2022. Verder staan onliggende dorpe se getalle as volg: Frankfort - 1764, Kroonstad - 7313, Sasolburg - 9717.

In die laaste week is daar 153 Covid-19 gevalle in die hele Fezile Dabi Distrik bygevoeg.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. "Booster Shots" is nou beskikbaar vir diegene bo die ouderdom van 18 jaar. J&J word toegedien +60 dae die eerste dosis en Pfizer +180 dae na die tweede dosis. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00. Die digitale inentingssertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.



# MODEL MANIFEST OPEN SY DEURE



Model Manifest Heilbron open hul deure op 31 Januarie 2022, te Pleinstraat 72 (AGS Kerksaal). Alle modelle wie belangstel vanaf 3jr + is meer as welkom om die eerste klas van 15:00 - 16:00 GRATIS by te woon. (Ouers is ook welkom om in te sit.)

Model Manifest is 'n model akademie wat reeds meer as 35 jaar bestaan, waar modelle opleiding ontvang in loopplanktegnieke, skoonheidskompetisies, spraaktegniek, velsorg, tafeldek en servette vou, selfoon etiket, klerekasbeplanning, groepswerk, die opstel van 'n CV, onderhoudsvoering en vele meer! Sou 'n model deel wees van Model Manifest en moontlik verhuis, kan die betrokke model sy/haar diplomas voltooi by die naaste tak en hoef dus nie weer van voor af te begin nie. Modelle lê 'n praktiese eksamen af en ná afloop van 'n kursus wat ongeveer 3 - 4 maande duur, word 'n diploma ontvang. Omdat Model Manifest aan die "criteria" voldoen, is dit moontlik om selfs halwe/volle erekleure vir modelwerk te kan verwerf.

Model Manifest Heilbron se klasse word aangebied deur Anita Buitendag wie reeds vir meer as 20 jaar 'n onderwyseres vir Model Manifest is en dus oor genoegsame ondervinding beskik. Anita het self ook vroeër jare verskeie titels tydens skoonheidskompetisies ingepalm, waaronder Mej. Aartappelfees (tydens 'n gala geleentheid te Bethal, Mpumalanga), Mej. Swartgoudfees (te Kriel, Mpumalanga) en was gekies as een van die top 20 modelle vir "Cover Search SA" se nasionale kortlys.

Model Manifest handhaaf 'n Christelike grondslag as beginsel en glo dat dit veral in vandag se tyd van uiterse belang is dat ons kinders 'n goeie selfbeeld ontwikkel, gemaklik voel met hulself en waarvoor hul geskep is asook om met trots en kop omhoog die lewe vierkantig in die oë te kan kyk, gereed vir elke uitdaging wat mag wag.

Modelwerk bied nie nét ons kinders 'n goeie selfbeeld nie, maar bevorder ook 'n positiewe houding en lewensuitkyk. Dit bevorder ook koördinasie en slyp ons kinders om eendag selfversekerde jongmense te wees, met etiket en 'n doelgerigte, positiewe uitkyk op die toekoms.

Enige verdere navrae kan gerig word aan Anita Buitendag by 0725761271.













## *Uit die pen:*



# WEEK 3 VAN 2022

Daar was Piet en Marietjie. Hulle was, soos menige ander onderwysers, na die skool gelok met 'n paar stukkies aas. Hulle aas was Die Kar.

Dit was die skool se kar: 'n Klein, wittetjie waarin vier mense kon sit. Met moeite. Die bagasieruim was groot genoeg vir drie onderwyserstasse, maar die vierde persoon moes syne soms op sy of haar skoot hou.

Die rede waarom die skool Die Kar besit het, het sin gemaak: baie onderwysers moes na die naaste buurdorp gaan vir vakvergaderings. Soms moes die skool iets op die buurdorp gaan aankoop of een of twee leerders soontoe neem. Die skool se bussie was te groot, en swaar op brandstof.

Piet en Marietjie besluit om na die groter buurdorp toe te trek, en die skoolhoof (hierna verwys as "Die Meneer") besluit dat Piet en Marietjie met Die Kar vanaf die buurdorp skool toe kon ry. Maar daar moes nog twee buurdorp-onderwysers saam met hulle ry.

Piet en Marietjie het die kans aangegryp, want hulle was baie suinig. Is seker nog steeds, ek weet nie. My gryse ou pa sou gesê het dat hulle so suinig was dat hulle vir Jan van Riebeeck gedruk het totdat sy oë traan. (Kan julle toeka se geldnote onthou? Oom Jan met sy krullebol het mos op die geld verskyn.)

Die twee onderwysers moes tot by Piet en Marietjie ry, alhoewel dit makliker sou wees om die twee eerder by hulle huise te gaan oplaai het.

Die twee karakters was regtig vreemd. Marietjie het vir die ongeveer 8 jaar wat ek haar geken het, nooit haar haarstyl verander nie. Elke liewe haartjie was kliphard gespuit, dit het gevoel soos 'n motorfietshelmet as jy per ongeluk aan haar haredos gevat het. Die passasiers wat saam met hulle gery het, mag glad nie die vensters van die lugreëlinglose kar oopdraai nie, want dan waai haar motorfietshelmet deurmekaar.

Marietjie was nie lief vir oefening nie, heeltemal teenoorgesteld van haar man, Piet. Die naaste wat Marietjie aan oefen gekom het, was om op haar skudmasjien te staan en sepies kyk. Maar ter verdediging: Marietjie was rietskraal.

Piet was 'n fiksheidsmaniak. Hy het 'n netjiese lyf gehad, harde maagspiere en gevormde bene. Ek sou hom nie as baie aantreklik beskryf nie, maar hy het goed gelyk.

Met elke skooltoer wildtuin toe, het Piet sy skopbokssak saamgevat. Daar was gewoonlik nie plek vir die monstrositeit nie, maar dit moes in. By die bestemming aangekom, is die sak dadelik opgehang, en daar het Piet twee keer op 'n dag geskop en geslaan. Tot groot vermaak van die toergroepkinders en tot groot frustrasie van die onderwysers wat in daardie tyd sy werk moes oorneem.

Piet en Marietjie se inkopie uitstappies was legendaries. Die personeel het dit ook geweet en lekker daaroor gegiggel: Elkeen het sy eie winkeltrollie gehad. Elkeen het gekoop wat hy of sy wou hê, in sy of haar eie trollie gelaai en self daarvoor betaal. As Piet 'n pak lekkers gekoop het, mag Marietjie nie daarvan geëet het nie, want sy het dit nie betaal nie.

Hulle het 'n kat gehad: die kat se kos en bederfies het uit hulle gemeenskaplike rekening gekom. Gelukkig. (Hulle het net 'n kat gehad, geen kinders nie.)

Piet en Marietjie het elkeen hul eie wasgoedmandjie gehad. Elkeen was verantwoordelik vir die was van hul eie wasgoed. Die gemeenskaplike huiswerker het gestryk en skoongemaak.

Wanneer Piet en Marietjie met vakansie gegaan het (altyd, maar altyd, wildtuin toe), het elkeen 'n sakkie kontantgeld gehad. Dit was hulle sakgeld. En as dit op was, was dit op. Hulle eie vakansiemotor het ook sy eie sakkie kontantgeld gehad vir brandstof.

Sou Piet en Marietjie besluit om dalk te gaan uiteet, het elkeen sy eie rekening betaal. Soms het Piet net 'n paar rand in sy sakkie oorgehad, en hy kon net 'n geroosterde broodjie bekostig. Marietjie, dalk met meer geld oor in haar sakkie, kon 'n heerlike biefstuk bestel.

Op 'n goeie dag het Die Kar die gees gegee. Die Meneer het besluit dat onderwysers wat besluit het om na die buurdorp te trek, self moes sien kom klaar om tot by die skool te kom. Daar was ewige rusies oor wie saam met wie moes ry, want daar was nie juis 'n oormaat gelukkige passasiers wat saam met Piet en Marietjie wou ry nie.

Santie moes een keer vir Piet en Marietjie vra om haar rybeurt te neem. Aan die einde van die maand kry sy toe so ewe 'n rekening van die suinige egpaar: R23,17 vir die rit.

Hulle het nooit vinniger as 100 km/h gery nie. Al was hulle laat. Die res moes maar wag. Op 100 km/h was hulle brandstofverbruik optimaal, en hulle sou nie durf waag om meer geld te spandeer as wat hulle wou nie.

By elke personeelbraai het Piet met sy vilthoed opgedaag, met 'n sigaar in die bo-sak van sy knopieshemp. Hy het die hele kuier met die onaangesteekte sigaar tussen sy vingers rondgestap sonder om dit aan te steek. Ek weet nie of dit elke keer dieselfde sigaar was nie. Daar was sekerlik nie genoeg geld in sy sakkie om elke keer 'n nuwe sigaar te koop nie.

Op 'n goeie dag laat weet Maria, ook 'n onderwyser by dieselfde skool, dat Piet en Marietjie gaan aftree, so 15 jaar voor die beplande tyd.

Maria se sms lui as volg: "Hulle het 'n jalse baken gekoop. Hulle trek na 'n dorp naby die wildtuin."

Dit het my 'n geruime tyd geneem om agter te kom dat die "jalse baken" eintlike 'n "helse bargain" was.

So gesê, so gedaan. Hulle word hartlik vaarwel gewens, en trek, met kat, geldsakkies en skopboksak na 'n dorp naby die wildtuin. Aanvanklik het Lelanie elke dag 'n opdatering ontvang van watter bokke nou net by hulle hek verbygestap het, tot die soort voëls wat op die stoep kom tjorts het. Maar na 'n paar weke het dit ook opgedroog.

Dalk is daar nie meer lugtyd in die geldsakkie oor nie…

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS AND DEBTORS IN TERMS OF SECTION 29(1) OF THE ADMINISTRATION OF ESTATES ACT, NO 66 OF 1965

In the Estate of the **LATE WILLEM DANIEL JOHANNES NORDJE,**
Identity Number: 490506 5021 08 7 a major male person
residing at 10 ELS STREET HEILBRON,
who passed away on 12 JULY 2021.
**Estate number 7313/2021.**
Creditors and Debtors are hereby requested to lodge their claims and pay their debts within a period of 30 (thirty) days from date of publication of this notice.
**LANGEVELDT & NEL ATTORNEYS**
**16 MBONANI MAYISELA STREET**
**STANDERTON TEL: 017 712 5311**
**E-MAIL: AKTE2@NELLAW.CO.ZA**
**REF: LC NEL/EG/3598**

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE MARIA CHRISTINA BEZUIDENHOUT**
Identiteitsnommer: 400214 0058 084 in lewe 'n ongetroude meerderjarige pensioenaris, woonagtig te ROOSSTRAAT 22, REITZ, 9810.
**DATUM VAN AFSTERWE:** 11 Februarie 2021
**BOEDELNOMMER:** 004565/2021
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Kennisgewing vir publikasie: 21 Januarie 2022
14/01/2022
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

**VAN:** VAN DER MERWE
**VOORNAME:** JACOBUS PETRUS JOHANNES
**GEBOORTEDATUM:** 6 MAART 1945
**LAASTE ADRES:** NICOLWOONSTEL 1, KERKSTRAAT, HEILBRON, 9650
**DATUM OORLEDE:** 22 DESEMBER 2021
**MEESTERSKANTOOR:** BLOEMFONTEIN
**BOEDELNOMMER:** 11983/2021
Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderinge in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende binne 30 dae vanaf 21 Januarie 2022.
Geteken te Parys op hierdie 3de dag van Januarie 2022.
**GERDA SMALL PROKUREURS**
**WATERSTRAAT 22 / POSBUS 1588**
**PARYS**
**9585**
**VERW:JPJ V211**

**FORM JJJ**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER TE12157/2000** passed by **HEILBRON / PHIRITONA PLAASLIKE OORGANGSRAAD** in favour of **SIBONGILE CECILIA BOCIBO,** ID: 530526 0337 082 in respect of certain
**ERF 1021, PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 712 (SEVEN ONE TWO) SQUARE METERS** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at **BLOEMFONTEIN** within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 10th day January 2022
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **WILLEM ADRIAAN JACOBUS SCHOEMAN,** Identiteitsnommer 600419 5113 085, wie oorlede is op 15 April 2018 en woonagtig was te **PLAAS LUYTSVILLE, LINDLEY, BOEDELNOMMER 004942/2018**.
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Lindley vir 'n tydperk van 21 ((Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE14300/2003** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **ALBERTINAH MALETSHOLO RAMASEDI** in respect of certain
**ERF 1198 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT: 269 (TWO SIX NINE) SQUARE METRES**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 13th day of January 2022.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 KERK STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
Muller Draaiwerke
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R


## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

Winkelure

**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
VLEISSENTRAAL

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae -** 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BLOEDSKENK DATUMS - 2022

Give blood – save life

| | |
|---|---|
| 25 Januarie | 22 Maart |
| 24 Mei | 26 Julie |
| 27 September | 29 November |




**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

**OVERNIGHT COURIER**
heilbron@postnet.co.za · 058 853 0006 · 064 988 6078 **TO ALL MAIN CENTRES**


HERALD Sport

# REËN, WIND, WATER KEER NIE FIETSRYGEES

Die Vrystaat het haar mooiste veldrok aan en wat 'n lekker manier om haar trap-trap te verken.

Saterdag, 15 Januarie, het 'n klompie brawe fietsryers die grondpaadjies vanuit Heilbron na Petrus Steyn vir die sewende Heilbron Mini-Epic aangedurf. Maklik was dit beslis nie. Behalwe dat Petrus Steyn hoër as Heilbron geleë is en die opdraendestryd na die buurdorp dus groter is as die afdraendplesier, het die paaie ook weens die afgelope hoë reënval plek-plek verspoel. Om van die modderplasse nie eers te praat nie!

Die fietsrygeselskap het om 6:00 by Donsveertjie Gasteplaas bymekaar gekom vir 'n laaste moed-in-praatsessie. Ds. Tommie van Vuuren het die dag met skriflesing en gebed begin en om 7:00 het die geselskap hul fietse in die rigting van Petrus Steyn gestuur.

Vier "ondersteuningstrokkies" en een "fotografiese motorfiets" het die trappers vergesel. Die voordeel daarvan is dat jy enige tyd langs die pad "'n lift kan vang" wanneer die bene begin lam raak.

Teen 10:30 het die laaste avonturiers Petrus Steyn bereik en daar is behoorlik aan die Petrus Steyn Country Stop se hoendernoedelslaai weggelê.

Om 12:00 is die lang pad terug weer met nuwe moed aangepak en toe die laaste trapper uitasem op Donsveertjie se grasperk neersak, is daar afstande wat wissel van 25 km tot 155 km tussen die onderskeie fietsryers afgelê.

Die aand is met 'n skaapspitbraai afgesluit waartydens die dag se ervarings heerlik om die tafel bespreek is en alhoewel elkeen 'n ander rede as hoogtepunte aanvoer, was almal dit eens: die Vrystaat is nie heeltemal só plat nie!

Die Heilbron Mini-Epic is die breinkind van Altus Muller, 'n naweekboer in die Greenlands-omgewing. Hy was vanjaar weer die hoofborg van die geleentheid.

Heilbronners wat aan die pretrit deelgeneem het, was Willie Pieters (30 km), Marietjie Pieters (55 km), dr. Lood Spies (55 km), Liza Boshoff (120 km), Jozann Germishuys (120 km), Warren Pieters (120 km), ds. Tommie van Vuuren (120 km), Ernst Zitske (120 km), Alwico Lesch (120 km), Johan Bergh (120 km) en Theuns Serfontein (155 km). Die ander trappers was afkomstig van Johannesburg, Pretoria en Rustenburg en het onderskeidelik tussen 25 km en 155 km afglê.



***MERKE GEREED:*** *Die fietsrygeoep wat aan die sewende Heilbron Mini-Epic deelgeneem het. Foto: Dawie Fourie*



***OPDRAEND OP:*** *Fietsryers verken die grondpaadjies na Petrus Steyn.*



*Foto's erkenning: Dawie Fourie*



***EN DIE 506 NA PETRUS STEYN:*** *Fietsryers op pad na die buurdorp.*



# WILGE HENGELKLUB SE EERSTE HENGELKOMPITISIE VIR 2022



***Op die foto: Junior wenner, Stroebel Rossouw.***

Wilge Hengelklub het Saterdag 15 Januarie die eerste klubkompetisie van 2022 by Rooibult gehou. Dit was 'n uitdagende dag met baie klein vissies wat uitgekom het.

Die klub se nuwe bestuur vir 2022 en 2023 is terselfdertyd gekies. Die bestuur is as volg: GP Rossouw - Voorsitter, JD Claassen - Onder-voorsitter en Jan Heymans - Inweegbeampte. Die volgende kompetisie vind vroeg in Februarie plaas.

Enige persoon wat belangstel om by die klub aan te sluit of enige inligting in verband met die klub wil hê, kontak gerus vir GP Rossouw by 082 319 9472, JD Claassen by 079 691 4184 of Jan Heymans by 067 352 2140.

**Uitslae van die dag:**
Seniors 1ste Leon Louw
2de Sean Louw
3de plek Lotie van Wyk
**Dames**
Sanja Swanevelder
**Juniors**
1ste Stroebel Rossouw
2de Rebecca Smit

# NIKLAAS KLOP JOHAN IN UITSPEEL

Met tellings van vyf houe beter as hulle voorgee, het Niklaas van der Walt en Johan Weilbach Saterdag gelyk geëindig in die HBA maandbeker. Soos die reël van die kompetisie bepaal, moes hulle uitspeel om die wenner te bepaal. Niklaas se konstante spel was een te veel en wen hy Johan.

Die eerste liga bepaling is ook volgende week op Senekal en Heilbron se span is soos volg: Gerrie Muller, Zacharia Mholo, Ruan Mienie, Eben Stander, Pieter van Staden en Willem Loots.

Die sny van die skoonvelde word verhoed deur die baie reën van die afgelope week en was die baan gesluit vir spel.

Verlede naweek se uitslae soos volg: Niklaas van der Walt 67, Johan Weilbach 67, Jackie Leonard 38 en Leonard Strydom 71.

Die Joker geldpot staan op R26 000 en daar sal vanaand weer 'n trekking wees om 19:00.




BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG -25 JANUARIE 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
VREDE : ARUNDEL BOERDERY
370 Bonsmara/Bovelder tipe beeste
& 1000 Dohne skape
11:00, Arundel, Vrede
Kontak Gert Burger 082 822 1952

WOENSDAG - 26 JANUARIE 2022
REITZ Kersveiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

DONDERDAG - 27 JANUARIE 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
tbv HS Wilgerivier
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VRYDAG - 28 JANUARIE 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
BULTFONTEIN: ASANTE BEEF FARMING
318 Beeste
11:00, Bosch Kop, Bultfontein
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za